CACHET

APTEEK

U PLUS APTEEK

Tomstraat 92

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXXI NOMMER 8 — VRYDAG 9 APRIL 1976

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:

Johan Claassen Broers

# Karnaval die grootste ooit

VRA vir enige PUK wat die aksie van die jaar is en hy sal sonder om te twyfel verklaar dat dit KARNAVAL is. Die KARNAVAL-voorsitter, Adriaan Jacobsz, beloof dan om van hierdie jaar se KARNAVAL die grootste ooit te maak. Die rede — gee vir elke PUK iets wat hy sal geniet en die resultaat is 'n reuse-sukses. Die program het dan ook iets vir elkeen.

Die KARNAVAL se amptelike program word voorafgegaan deur die skynhof en Studentevaria die Maandagaand en die Kaap-na-Rio die Dinsdag. Die Kaap-na-Rio word ook hierdie jaar op televisie vertoon en die klem sal dus hierdie jaar op oorspronklikheid en humor val. Woensdagaand gaan daar 'n verskeidenheidskonsert in die Totiussaal plaasvind wat 'n towenaar en al sulke interessante kunstenaars gaan insluit.

Dan kom die amptelike opening Donderdagaand tesame met die veroordeling van die akademie. Vrydag is die dag van kunstenaars, kompetisies en seweman-rugby.

Saterdag tree die trompoppies vir die eerste keer op as leidsters van die vlotoptog. Die vlotte sal weer hierdie jaar deur Potchefstroom sowel as Klerksdorp gaan. Saterdagaand kom die groot afsluiting wat vir al die Pukke 'n groot verrassing gaan inhou. Die groot bekendmaking van die afsluiting kom volgende kwartaal.

Volgens Adriaan gaan die klem hierdie jaar veral val op reklamesette, vlotte en die trapkarwedren van Vrydagaand. Die registrasie van reklamesette begin vroeg volgende kwartaal en koshuise kan hulle sette registreer by Jan Botha en Trix van der Lecq.

Boodskap aan die PUKKE: Maak van Karnaval hierdie jaar 'n fees — julle fees!



Mnr. Adriaan Jacobsz, voorsitter van Karnaval '76. (Foto: Fotokuns.)

# S.R. Voorsitters blink uit

**DIT is onlangs bekend gemaak dat mnre. Fika van Rensburg en Pieter Mulder albei die M.A.-graad met lof ontvang. Hierdie besondere prestasie van dié twee oud-S.R. voorsitters kan nie ongemeld verbygaan nie.**

Mnr. Van Rensburg is dosent in Grieks aan die P.U. vir C.H.O. en ook Teologiese student, terwyl mnr. Mulder verbonde is aan die Departement Kommunikasiekunde.

Die ooreenkomste tussen die twee S.R. Voorsitters is opvallend:

- Hulle is beide in 1970 eerstejaars aan die PUK.
- In 1972 kom albei op die Studenteraad.
- Daarna volg mnr. Pieter Mulder mnr. Van Rensburg op as S.R. Voorsitter (laasgenoemde in 1973 terwyl mnr. Mulder dit was in 1974).
- Beide is kranige rugbyspelers: mnr. Mulder vir o.a. sy koshuisspan en mnr. Van Rensburg wat vir o/20 uitgedraf het.

Die prestasie van dié twee Pukke is 'n duidelike aanduiding van die kaliber manne wat S.R. Voorsitter word op die PUK. Hulle is nie alleen reuse op akademiese vlak nie, maar ook t.o.v. studenteleierskap het hulle uitgeblink.

Graag wil ons bogenoemde here baie gelukwens met hierdie akademiese prestasie van hulle en ook sterkte toewens vir die toekoms.



MNR. FIKA VAN RENSBURG (Foto: Fotokuns.)



MNR. PIETER MULDER (Foto: Fotokuns.)

HOU DIE

Nuwe Besembos

DOP —

dit gaan iets groots wees!



Thalia oefen kliphard vir hulle program dié jaar. Hier verskyn drie speiers in een van die tonele. (Kyk ook bladsy 3.) (Foto: Fotokuns.)

# S.R.V.P. en wysgere werk saam

DIE eerste sooie is reeds gespit vir samewerking tussen die Wysgerige Vereniging en die Regsvereniging om 'n Regsfilosofiese Kongres aan die PU aan te bied.

Daar is aanvanklik beplan om 'n Wysgerige kongres aan die PUK te hou met Wysbegeertestudente van universiteite van die Vrystaat en Transvaal as gassprekers. Weens gebrek aan belangstelling op eie werf, is hierdie idee in die kiem gesmoor.

'n Aantal ledevergaderings word beoog met onderwerpe wat enige wysgeer nog dommer sal laat, hoewel met genoeg pitkos in om hulle te laat aanhou wonder.

Dié Vereniging het in die eerste paar maande van die jaar getoon dat hy weereens nie 'n krag onder die studente kan word nie. Persentasiegewys geniet die vereniging die steun van ongeveer 0,0004% van die studente. Die eerste aksie, 'n braaivleis, het dan ook erg onder hierdie verskynsel gely.

VRA DIÉ VAKANSIE

VIR PA GELD

VIR DIE

Nuwe Besembos

# BESEMBOS: NUWE BAADJIE

**ANDERS as in die verlede gaan Die Besembos, die studentejaarblad van die Puk, vanjaar in 'n geheel nuwe gedaante verskyn. Dit is die gevolgtrekking wat 'n mens maak na afloop van 'n gesprek met die pas-aangestelde redakteur, mnr. Roelof (Joefie) Vorster.**

Die afgelope drie jaar was Die Besembos net 'n foto-album met 'n opeenvolging van reekse fotos. Volgens mnr. Vorster sal daar vanjaar gebruik gemaak word van 'n hele aantal aktuele artikels wat akademiese artikels sowel as ontspanningsstof sal insluit. Die artikels sal toegelig wees met interessante foto's.

Die groepfoto's sal sover moontlik informeel wees en gaan op 'n kunstige manier gerangskik word. In 'n groot mate sal ook aksiefoto's gebruik word wat as afwisseling sal dien tussen die groepfoto's.

Gedigte en prosa sal dien as verdere afwisseling.

Die koshuise gaan ook pertinente aandag kry. Elke koshuis kry ten minste twee bladsye waarop groepfoto's van die koshuise sal verskyn sowel as foto's van koshuisaktiwiteite. Elke koshuis moet vir 'n kort jaarverslag in ligte luim sorg.

Volgens mnr. Vorster gaan die bogenoemde uitleg baie aandag verdien. Dit moet funksioneel sowel as estetics bevredigend wees. Baie gaan van kleur gebruik gemaak word, wat heelwat kleurfoto's sowel as agtergrondskleure gaan insluit.

'n Huldigingsartikel van die Rektor sal ingesluit wees sowel as 'n uitgebreide reeks artikels oor ons universiteit wat tiperend sa! wees van die studentelewe en alle studente aktiwiteite. Mense van buite ons uinversiteit sal ook gevra word om bydraes te lewer. Noue samewerking met studente van die departement Beeldende Kunste, die Skrywerskring en die Fotografiese vereniging word in die vooruitsig gestel.

Dit lyk inderdaad of Die Besembos 'n publikasie gaan wees waarop ons vanjaar trots gaan wees en waarna ons uit kan sien.

Die Besembos redaksie wil dan ook graag 'n beroep op alle studente doen om hulle verenigings in verband met hierdie publikasie uit te spreek. Alle idees kan aan Die Wapad gerig word of in die posbussie van die Besembos by die S.S.R. kantoor geplaas word. Kom Pukke, hierdie is julle publikasie, laat loop die gedagtes!



Roelof Vorster, nuwe redakteur van Die Besembos. (Foto: Fotokuns.)

# Filmvertoning

DIE Universiteit se jongste film „Die Onderwys" word op 11 Mei 1976 om 19h00 in die Totiussaal vertoon. Twee ander films „Simfonie van die Wetenskap" en „Honderd jaar na dese" sal ook vertoon word.

Die program sal ongeveer 1½ uur duur.

U word vriendelik genooi om na die films te kom kyk — uself, u studente of u kollega speel daarin.

Bring asseblief u familie en vriende saam.

Vir diegene wat hierdie datum nie pas nie word 'n vertoning op Maandag, 10 Mei 1976 om 19h00 in die Totiussaal gereël.

# *Violis lewer hoogtepunt*

**KONSERVATORIUM. — Dinsdag 30 Maart — 'n datum om te onthou want een van Suid-Afrika se grootste violiste besoek die Puk en voer 'n half-vol saal terug na iewers in die Barokydperk.**

Dit is natuurlik die gevierde violis Alan Solomon. Sy vertolkings tydens Collegium Musicum se „Barokmusiek" het die gees van dié tyd vasgevang in 'n kortstondige halfuur. Alle lof kom Pieter de Villiers toe vir sy bydrae in die twee sonates vir viool en klawesimbel.

Alhoewel Elsabé van Wyk as fluitiste 'n bindende faktor in die kwartet vir viool, fluit, tjello en klawesimbaal was, het dié groep die prersese ritmiek van die Barok telkemale misgetas. Elsabé se vaardigheid op die fluit het meer tot sy reg gekom tydens haar optrede met die Collegium Musicumkoor.

Dit was 'n aand van mooi hoogtepunte met die laagtepunte ook hoër as gewoonlik.

— Chris Jonker.

# Damesblad

## Spik-splinternuut: ons primarias

**HIERDIE week begin die damesblad met 'n spik-splinternuwe reeks. Elke week, van nou af, sal 'n onderhoud gevoer word met die primaria van een van die dameskoshuise. Sodoende word hierdie dames meer bekend gestel aan die res van die Pukke. Eerste aan die beurt is Joan Oosthuizen van Karlien.**

Borrelend, vriendelik, innemend: dit is Joan Oosthuizen, primaria van Karlien vir 1976. En so tussen al haar bedrywighede deur is dit vir haar geen probleem om 'n tydjie af te knyp vir gesels nie. Sy is ook nog sekretaresse van die Koshuisraad hierdie jaar.

Sy kom oorspronklik van die Krugersdorp-distrik en matrikuleer op Gimnasium in Potchefstroomm. Op Stellenbosch pak sy die kursus B.A. Huishoudkunde aan, maar dit geval haar nie. Na 'n jaar besluit sy om te verander na B.Sc. Huishoudkunde en 'n Puk te word. Tot vandag is daardie sagte plekkie vir Stellenbosch daar en borrel sy behoorlik oor as sy van haar eerste Alma Mater praat: „Ek gaan weer terug — eendag".

Sy is vol ideale, dié meisie. Nadat sy volgende jaar graad gekry het, wil sy nog eers 'n jaar oorsee gaan studeer. Daarna sal sy graag by die Wolraad wil gaan werk.

Stokperdjies? Sy speel tennis en swem en hou ook van musiek — klassieke musiek, mooi musiek — enige mooi musiek. Sy is egter veral lief vir naaldwerk. Die lekkerste lekker op die hele aarde is om deur 'n patroonboek te blaai,, om self 'n rok te maak, net om voor die masjien te sit. Sy noem dit die een manier waarop sy haarself kan uitleef.

Joan glo dat daar altyd ruimte vir verbetering is en dat positiewe kritiek net goed kan doen. Sy meen daar is heelwat dames wat beter kan aantrek en meer aan hul voorkoms kan doen en — gerus maar daarvan kan kennis neem dat die minirok uit is.

Sy sal ook graag wil sien dat baie van die dames hulle algemene kennis uitbrei.

En 'n slotwoord: vir haar is daar nie nog 'n koshuis soos Karlien op die Puk nie — die beste en die heel heel lekkerste.



Joan Oosthuizen, primaria van Karlien, met wie Wapad hierdie week gesels. (Foto: Fotokuns.)

## KITS DOOPSOUSE

**HIER is 'n paar wenke vir doodmaklike doopsouse wat jy sommer gou-gou in jou kamer kan maak. Die hoeveelhede is relatief — dit hang af van die bakkies wat jy gebruik. Maak dit maar so proe-proe en jou doopsouse moet 'n sukses wees.**

**Wat van 'n advokadodoopsous? Voeg 'n paar teelepels Mayonnaise en sout en peper by fyngedrukte advokadopeer.**

**Mayonnaise en ongeveer twee teelepels Marmite of Bovril maak nog 'n lekker doopsous.**

**Mayonnaise waarby 'n driekwart koppie gerasperde kaas en rooipeper na smaak gevoeg word, maak 'n heerlike kaasdoopsous.**

**Voeg „Sandwichspread" en Mayonnaise na smaak by mekaar vir 'n makliker as maklike doopsous.**

## Trompoppies beloof iets anders

**ONS hoor van hulle en ons almal weet van hulle. Maar hoeveel? Dit is nou daardie splinternuwe en welkome byvoeging tot die Karnavalbedeling van die Puk: die Trompoppies.**

Ek voorspel sommer nou al: hierdie groepie meisies gaan nog baie gewild word en al hulle kritici se monde snoer. Een en almal van hulle borrel oor van entoesiasme en werkywer. Moenie dink dit is net lekker en maklik om 'n trompoppie te wees nie. Iedereen van hulle geniet dit — o, ja! Maar, van Maandag tot Donderdag word daar elke middag, en soms ook in die aand, hard gewerk en geoefen. Een van die dae gaan hulle Kroonstad toe om daar saam met 'n orkes te oefen.

Hierdie vyftig dametjies staan onder die bekwame leiding van Johan Aucamp en Jan Pieterse. Hulle leidster is Moira de Villiers van Heide en sy het heelwat ondervinding van hierdie tipe dinge.

Die primêre doel van die trompoppies is om die karnavaloptog te lei en om aandag te trek vir karnaval. Alles beloof om in te skakel by die karakter van ons universiteit.

En almal beloof: dit gaan iets ánders wees, dit gaan iets baie interessants wees. Daar was aanbiedinge vir optredes, maar hulle is op hierdie stadium nog nie gereed daarvoor nie.

Ons beste wense vergesel die trompoppies. Ons sien sommer baie uit na hulle optrede met Karnaval.

## Reis saam na 1934

**KOM onderneem met my 'n kort reis in die verlede. Dan kyk ons wat die dames 22 jaar gelede gedra het. Hier volg die modevoorskrifte — direk uit Parys — vir die herfs van 1934!**

Dra: pêrels saam met swart, goue trouringe, oorringe in die dag, ouma se juwele, mantels, swart Floradora sykouse, bleker vingernaels, pelskrae, pruimkleurige wildsleer handskoene, tafsyrokke.

Moenie: barette, lang jastabberds, versierde hooftooisels, beige handskoene, eenvoudige smaaklose crêpe rokke, somber tweeds.

Oggenddrag: 'n Wolpakkie is onontbeerlik. Helder tweed is net die materiaal daarvoor. Sorg dat die romp twaalf duim van die grond af hang. Dorpsdrag moet 'n bietjie langer wees.

Middagdrag: Nou dra jy 'n tabberd van gerimpelde sy — gekreukel in patrone of rye soos gerimpelde lint. Die kleur is swart of middernagblou en 'n swart fluweelhoedjie noodsaaklik.

Vroegaand se klere: Dra 'n swart fluweelrok wat net-net die sypaadjie raak, 'n kort styewe fluweelbaadjie, klein fluweelhoedjie en volstruisvere.

Klere vir die laataand: Dra 'n tabberd van sy, tafsy of fluweel wat soos 'n klok om jou uitsprei. Andersins moet dit agter opgetrek wees in 'n busseltjie soos dit in die middeleeue, 1860 en 1880 gedra is.

## FANIE SE VROU

**LUISTER wat sê Fanie in „Fanie se Vuurdoop" van P. J. Schoeman: „As ek nou vir my 'n vrou kon laat bak, soos ma partymaal terg-terg sê, sou ek haar naastenby as volg wil hê: Sy moet mooi en kleinerig wees, soos Ma. Sy moet my skelmpies in my hart laat sê: ‚Ai, hemel tog, my duikerbokkie, maar jy is te pragtig vir 'n man se ou growwe werkhande om aan te raak. En sy moet dinge aanvang in my. Sy moet my in elke stofwolk 'n reënboog laat sien, my oë wyd oopmaak vir die mooie in die skepping, sodat ek met blydskap soos Pa kan sê: ‚Wat mooi is, is uit God en voer terug tot God' . . . Sy moet my laat voel dat ek alles en almal wat swak is, wil beskerm. Ja, sy moet kleinerig wees, viets en fyn, en perfek afgerond soos 'n steenbokooitjie, sodat ek haar sommer ver ente kan dra, om die gevoel te kan kry dat sy werklik myne is . . . op my voete voortbeweeg en dus nie vir haar kan weghardloop nie . . . O, ja, en sy moet kan droom, want Pa sê dat as 'n vrou self kan droom, sy graag luister na 'n man se drome.**

## POMPON-LINTE

**MAAK self pompon-linte om jou geskenke mee te versier. Al wat jy nodig het, is gekleurde lint en 'n goeie gom.**

**Vir 'n vyfduim pompon, sny twaalf linte van elf duim lank. Neem een lint en gom albei punte in die middel daarvan vas. Maak die volgende lint op dieselfde manier en plak dit weer bo-op die eerste vas sodat 'n kruis gevorm word. Hou so aan totdat jy ses pare het en gom nou al die linte aan mekaar vas. Doodmaklik en 'n pragtige versiering!**

WOON GERUS DIE

**S.S.R.-VERGADERING**

**Maandagaand 19h40**

IN DIE S.S.R.-RAADSAAL BY

**DIE BULT APTEEK**

TEL. 5943 — TOMSTRAAT 88

**PUKKE! Besoek ons!**

**Een film gratis vir elk wat u by ons laat ontwikkel.**

—Wapad.

## 'n "Nuwe" ou hoedjie

**KLEIN viltblommetjies lyk pragtig op 'n denimhoedjie, strooihoed of 'n gebreide hoedjie. Maak hulle in een kleur of andersins baie bont.**

Benodigdhede: oorskiet stukkies vilt, watte, bloemistedraad, groen kreukelpapier, 'n sterk gom byvoorbeeld Bostik, gare.

Metode: Sny die vilt in klein ovaal vormpies. Neem 'n bloemistedraad van ongeveer vier duim (of langer, dit hang af hoe 'n lang stammetjie jy wil hê) en draai 'n repie watte om die een punt. Plaas 'n paar blaartjies rondom die wol en draai dit stewig vas met die gare. Sny die kreukelpapier in dun repies en draai om die draad om die groen stammetjie te vorm. Gebruik die gom en plak die res van die blaartjies een vir een rondom die paar wat alreeds vasgedraai is. Maak die buitenste punte van die blare klam en buig dit liggies na buite vir 'n realistiese effek.

Volg net die aanwysings noukeurig en siedaar — jou ou hoedjie is weer splinternuut!

**credo van 'n poëtaster**

*onkuise saamhuis met die muse*
*is teenswoordige mode*
*filosofeer teoretiseer*
*moet net nie preek nie*
*want*
*dis bombasties dus sinledig*
*en as sodanig nie in die kader*
*van die poësie nie*
*(let wel: poëse hier met*
*'n z uitgespreek*
*— dit klink so chic fatsoenlik)*
*nee*
*óns bepaal ons by die*
*diepsinnige esoteriese*
*— net vir ingewydes! —*
*tog net nie die eteriese ou rympies*
*van die dertigers nie*
*ons is (moet u weet) nie digters*
*om die digkuns nie maar die kunde*
*nie Leopoldiaanse dromers nie*
*ons is*
*per se*
*poëte*

— HENK WIJBENGA.

# CINE-PUK

**ALBERT DE BEER, huidige voorsitter van Cinepuk, lewer op Maandag 12 April sy verslag oor die werksaamhede van Cinepuk gedurende die afgelope jaar. Op dieselfde aand neem Eric Marx oor as voorsitter.**

Cinepuk het in die afgelope jaar aansienlike vordering getoon wat die gehalte van programme aanbetref. Eric het in onderhoud gesê dat hy graag sal wil sien dat Cinepuk in hierdie nuwe termyn daarop sal voortbou. Hy beoog onder andere 'n uitbreiding van die fliekprogram ook na Woensdagaande, 'n verbeterde voorprogram wat televisiekortprente sal insluit en 'n vergrote kafeteria in die foyer. Die verkoop van seisoenkaartjies sal ook weer opgeneem word.

Eric Marx sal Maandag ook sy helpers op die Bestuur van Cinepuk aankondig. Daar is egter nog heelwat poste wat gevul moet word en hy nooi alle belangstellendes uit om hom te kontak in Heimat.

Die stigter en eerste voorsitter van Cinepuk, Albert de Beer bly egter aan op die bestuur as Bedryfsbestuurder.

Eric nooi almal wat idees het en kritiek om dit te lewer sodat die diens van Cinepuk verbeter kan word. Die Pukke kan dit gerus in bussie 66 by die SSR-Kantoor pos of die saak persoonlik met Eric opneem by Heimat.



Eric Marx, nuwe voorsitter vir Cine Puk. (Foto: Hendrik Bosman.)

Ry

VERSIGTIG

en kom

GESOND

terug na die

vakansie



# ROCKY HORROR FILM

**HIGHPOINT, HILLBROW: The Rocky Horror Picture Show met Tim Curry.**

Met dié rolprent word daar, kompleet met musiek en al, 'n homp kontra-kultuur aan die rolprentganger voorgehou. Die verhaal handel oor Brad en Janet,, kinders van die Establishment, wat na hul huwelikseremonie probleme met hul motor op pad ondervind en dan gaan hulp soek by 'n kasteel in die nabyheid.

In die kasteel is 'n dol party aan die gang wat bygewoon word deur uitspattig geklede mense uit alle wêrelddele, die sogenaamde „gays". Die hooffiguur en leier is 'n transvertiet, Frank 'n Furter ('n sinspeling op die monster Frankenstein en sy gruweldade).

„It's just a jump to the left, a jump to the right" en in die middel vind die „gays" heupskuddend (en blind vir hul situasie vanweë hul donkerbrille), 'n nuwe utopia. Dit is merkwaardig dat die „gays" in 'n vader/kind verhouding staan teenoor Frank.

Brad en Janet, gestroop van hul klere en in onskuldig in hul onderklere in teenstelling met die „gays", het juis op die „Annual Transylvania Convention" by die kasteel aangekom.

Hulle twee is bekend as die „baby-makers' en op dié dag word Rocky dan gebore. Hy is die skepping van Frank („I'm not much of a man, but a lover") en is 'n liggaamlik volwasse seun wat geestelik nog 'n kind is. Frank sê van sy seun: „he'll be a strong man", en „in seven days I can make you a man".

Hier is sterk kruisverwys na Frank as 'n nuwe god en sy skepsel (Rocky). Die regisseur laat byvoorbeeld die kamera rus op Michelangelo se skepping van Adam deur God.

Soos in die rolprent Tommy, is hier ook 'n Messiasfiguur, naamlik Eddy. Hy is 'n oliehaar „rocker" uit die vyftigerjare. Frank met sy liefde vir die estetiese, dood dan vir Eddy as vuil afsaksel van 'n verbygegane era.

Later by 'n eetmaal (parallel met die nagmaal) word Eddy se vleis geëet. Die verlossingsfiguur vervaag want soos Frank sê: „We have the secret of life". In Transylvania bewerkstellig hulle 'n eie verlossing.

Mettertyd word Brad en Janet, asook dr. Scott, 'n wetenskaplike, in die transseksuele leefwyse geabsorbeer en is hulle in die laaste vertoning ook soos transvestiete geklee.

Die „gays" wil 'n nuwe utopia skep met nuwe instellings teenoor die gevestigde instellings van die Establishment. (Frank en Rocky se huwelik kontra die eerste Establishment seremonie van Brad en Janet).

Die mite van die Christendom is verby (die kruis by die eerste huwelikstoneel vervaag tot die kasteel) en „Paradise is to be made' op Transylvania onder heerskappy van die hermafrodiet.

Met die uitwissing van die onderskeid tussen die geslagte word die „have's en die havenots" aan mekaar gelyk gestel. Gedurende die „Floor Show" kom die twee aanvanklik onderdanige werkers, die broer en die suster met hul goue lasargaffel, in opstand teen Frank en Rocky. (My children's turning on me"). Dit dui op die triomf van die werkersklas.

The Rocky Horror Picture Show is 'n „gay liberation" en 'n stap vorentoe in die voortdurende rewolusie van die mite, op pad na die Eeu van die Transseksualisme.

— Studiekring.

# THALIA

**VAN die ou bekende Thalia-uitbundigheid is daar deesdae min te sien en te hoor. Gelukkig is dit nie omdat hulle van die toneel verdwyn het nie, maar omdat hulle reeds besig is om volstoom te repeteer aan Onnies en Ouers van John Dighton waarmee hulle Juliemaand gaan toer.**

Dit is 'n skreeusnaakse stuk met 'n groot rolverdeling. Van die mees prominentste rolle word vertolk deur onder andere Gerrit du Plooy, Riaan van Schalkwyk, Riaan van der Walt, Jan van der Klashorst, Berendine van Coller en Linette Odendaal.

Liesbeth Schoeman, 'n dosente verbonde aan die departement Spraakleer en Drama, neem die regie waar. Tussen al die repeteerdery deur het sy dit nog reggekry ook om haar rol in die dramadepartement se aanbieding van Die Effek van Gamastrale op Man-in-die-Maan Gousblomme, in te studeer.

Mej. Schoeman verwag net soveel samewerking van haar spelers. Hulle repeteer elke aand en ook gedurende naweke. Na die Paasnaweek gaan die Aprilvakansie vir hulle ook net een ding inhou, naamlik Thalia.

Namate hulle vertroud raak met hul rolle, geniet die spelers die stuk meer en meer. Hulle meen dat die humor in die stuk by almal byval sal vind, want soos een van die spelers opgemerk het, sal hulle self al moeg gelag wees teen die tyd dat die stuk eers opgevoer word.

# Admissiebond

**JA, daar word gesê dat 'n goeie toespraak oor die ewigheid, hoef nie noodwendig 'n ewigheid te duur nie. Net 'n paar woorde van die aktiwiteite van die Admissiebond.**

Vir die naweek van die 9 — 11 April is daar deur Tukkies 'n Admissie-kamp gereël vir Kovsies, Rau'tjies, Pukke en Tukkies. Dit behoort 'n groot kamp te wees, dankie vir die Tukkies. Die 9de April is ook 'n besoektog aan die Kweekskool, waar ons met die Kweekskool en sy manne gaan kennis maak.

Intussen is die Admissiebond ook hard besig om te oefen vir die toer in die Junievakansie. Die rigting van die toer is Oos-Transvaal, so Pukke, ondersteun ons as ons daar kom. Ons skakeltoer is reeds in April, om die finale toerplan vas te stel.

Die Admissiebond het ook al 'n Inter-Aksie met die Huishoudkundigevereniging beleef, wat deur hulle gereël is, baie dankie vir so mooi gebaar dames. Daar is ook 'n ledevergadering vir die 6de Mei gereël, maar voor dit is daar 'n vakansie, so ons laat weer van ons hoor na die vakansie.

Frikkie Massyn.



Frikkie Massyn, voorsitter van Admissiebond. (Foto: Fotokuns.)

# Ekonomie op dreef

**TEN SPYTE van inflasie, gedy die ekonomiese vereniging die jaar. Na 'n geslaagde openingsfunksie en twee suksesvolle ledevergaderings is die eerste dagtoer aangepak.**

Vroeg die Donderdagaand is daar in die pad geval na die Hipermark te Boksburg. Na 'n verfrissende koppie boeretroos, is die toerlede deur die besturende direkteur, Mnr. I. G. Ferreira, deur die Hipermark begelei. Hierdie welbekende sakeman het die groep baie goed ingelig oor die fynere organisasie agter die skerms.

Groot is die Hipermark beslis, want waar beplan is vir 'n omset van R1 000 000 per maand, is die omset van 1 jaar reeds R4 miljoen per maand. Daar is byna duisend werknemers en verkoopsoppervlakte beslaan 250 000 vierkante voet. Baie opvallend was die doeltreffende interne kontrole asook die goeie kommunikasie tussen die bestuurder en die werkers.

'n Tipiese voorbeeld van hierdie kontrole is dat slegs vragmotors wie se hele vrag afgelaai word, die perseel mag binnekom. Ander aflewerings word slegs oorgelaai op 'n platform buite die perseel.

Alle afdelings is aangedoen en bespreek, en telkens is aangetoon hoe die publiek se behoeftes bevredig word.

Besondere aandag word bestee aan kwaliteit en doeltreffende hantering, verpakking en uitstalling. 'n Wye keuse word aangebied en tot krewe kan lewendig gekoop word binne 24 uur nadat dit gevang is. Voorraadomset is belangrik en alle voorraad word gemiddeld oor 'n periode van 58 dae in kontant omgesit.

Hiervandaan het die groep na die lughawe Jan Smuts vertrek waar 'n besoek gereël is deur die Tegniese Gebied en die Nabootser waar opleiding gedoen word. In die Tegniese Gebied kon vliegtuie binne en buite deeglik besigtig word en alle vrae is beantwoord.

Veral die nuwe Boeing SP het die Pukke se aandag getrek. Die Matroosberg het net die vorige dag 'n wêreldrekord op sy afleweringsvlug opgestel. Dié vlug was oor 'n afstand van 1 6470 km en dis binne 18 uur voltooi. Dit moes vanaf Seattle (naby Washington) ononderbroke vlieg tot op die D. F. Malanlughawe naby Kaapstad.

Die S.P. (Special Performance) verskil van die gewone Jumbo in dié opsig dat hy kleiner (15 meter korter) en ligter (60 ton) is. Die Junior Jumbo vervoer net 250 passasiers, maar het kragtige enjins en met groter brandstoftenks kan langer ononderbroke vlugte afgelê word. Omdat hierdie tipe vliegtuig redelik voller sal wees op sy vlugte, is hy ook meer ekonomies. Lede van die groep kon hierdie vliegtuig asook die gewone Jumbo ook van binne besigtig.

WESVALIA BOEKHANDEL
ONS HET NET
WAARNA U SOEK
KOM OORTUIG USELF
Posbus 20060
Tomstraat 84 POTCHEFSTROOM Tel. 6660
—WP

DIE WINKEL VIR DIE
STUDENT
HUIS & TUIN



SKOENHERSTELWERK
FIETSE
BREEKWARE EN
GESKENKE
—Pot.

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

# OOR KARNAVAL EN VAKANSIE

SONDER om afgesaag te wees, kan 'n mens tog sê die eerste kwartaal het verbygevlieg. Dit kan deels toegeskryf word aan die baie bedrywighede en deels aan die aangenaamheid van die nuwe jaar en al sy dinge ('n ding wat lekker is gaan mos gou verby!).

Die tweede kwartaal wat na die vakansie voorlê is ook nie besonder lank nie. 'n Groot hap van die kwartaal word deur Karnaval en toetsweke opgeneem. Na die Julievakansie is dit Intervarsity en dan loop alles afdraand na die einde van die jaar toe.

Nou hoekom dan so 'n redenasie oor die tyd? Die antwoord is eenvoudig: hoe korter die tyd, hoe korter is ook die studietyd.

Of anders gestel: as daar meer jolyt gehou word, verkort die akademiese tyd ook. Laat ons dan maar dadelik sê waarby ons wil uitkom: die student is primêr op universiteit om te studeer.

Vir sy breëre vorming is dinge soos Karnaval, jolyt, sêr, interaksies en les bes die verenigingslewe baie noodsaaklik, solank dit net nie die belangrikste is nie.

Onthou dit gedurende die vakansie en ook tydens Karnaval: daardie studentepret is van verbygaande aard maar die bekwaamheid in die vak is lewenslank. Die goue reël geld dus: doen die een maar moenie die ander nalaat nie.

# Uit die Woord

## SOEK DIE LEWENDE CHRISTUS EN GETUIG

*Luk. 24 : 5b en 6a: „Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan".*

*HOEVEEL van u as studente het werklik die vrymoedigheid om te sê: Jesus Christus leef! Om dit te sê met u mond? Min? En hoeveel se lewenswandel weerspieël die liefde, vreugde, blymoedigheid en dankbaarheid tot God vir sy groot genadedaad aan ons as mense, naamlik dat Jesus Christus opgestaan het uit die dood, vir my, vir jou, Pukstudent.*

*Lukas 24 : 5 en 6 is 'n bestraffing wat gehoor is in die vroeë oggendure van die opstandingsdag. 'n Bestraffing deur hemelse, onsterflike engele was nodig aan die sterflike, kleingelowige mense. Want hulle wat die intiemste rondom Jesus vir 30 jaar geleef het, vergeet skandelik wat Hy vir hulle gesê het in Galilea, naamlik dat Hy definitief sál opstaan — vers 7.*

*Op hierdie heerlike Sondagmôre hoor hierdie kleingelowige dissipels en vroue egter: Christus leef! Kom, kom oortuig julleself. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het. Die plek is daar . . . maar géén dooie Christus meer nie. En dit is tog die wese van Christus, dat Hy nie gekom het om te sterf nie, maar om te lewe. Ja, deur sý dood is Lewe gewek vir ons as mense. En Christus se liggaamlike dood aan die kruis was maar net 'n tydelike onderbreking van die lyn van lewe wat in Hom deurloop van ewigheid tot ewigheid.*

*Dít is die wonderlike gedagte van die opstandingsdag: Die dood is deurbreek deur die ewige ligstrale van die Lewensdag wat in Christus as die Lewende voortduur vir sy kinders tot in ewigheid.*

*In die Evangelies lees ons dat die dissipels, vroue, Jode en Romeine op soek is na Jesus. In Luk. 24 soek hulle ook. Skitterend, sou u sê. Maar tog soek almal verkeerd; almal soek Sy liggaam:*

*— die Jode het Jesus se liggaam gesoek om dood te maak. Ironies genoeg het hulle gedink dat hulle dit reggekry het.*

*— die Romeine soek rus in hulle kolonie en gee die opdrag: Bewaak die graf sodat sy liggaam nie gesteel word nie. Ja, lewendige, manmoedige soldate dink hulle bewaak 'n dooie liggaam, maar as God spreek, word Christus lewend en die soldate het die dooies geword (Matt. 28 : 4).*

*— die vroue en dissipels soek ook Jesus se liggaam om te salf.*

*So soek almal en niemand vind Christus nie.*

*Hoe en waar soek ons Christus? Soek ons ook nog Christus by die dooies? Is Hy vir ons nie ook maar net 'n Verlosser wat gely, gesterf en begrawe is nie? Ag, dan sal ons ook soos die vroue maar net by die graf kan gaan sit en ween, maar . . . dis 'n leë graf.*

*Nee, ons moet Christus in ons lewe en gedagtes soek waar Hy werklik is. Nie in die graf nie, maar by God die Vader in die hemel as opgestane Here van die gelowiges.*

*En dít sal geloof en vreugde bring in die plek van twyfel en wanhoop. Dan kan ons ook soos die opstandingsgetuies tot aksie kom en hardloop om te vertel.*

*Dit is u taak. Gaan sê dit: Jesus Christus leef en regeer. Sê dit aan die koshuisbediendes, aan die vloeker in die koshuis, aan die godslasteraar, aan die opstandige jongmens.*

*Sê dit: Christus leef! en daarom is Hy nie by die dooies nie, maar elke oomblik bý ons — in die koshuis, in die klas, op die kampus, by my as ek ontspan of sleep.*

*'n Geweldige taak vir u as Pukstudent!*

# Ekonomiese belange vs politieke eise

**TYDENS die pasafgelope byeenkoms van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging het die klem geval op die implikasies en problematiek van die volkerebeleid en praktyk ten opsigte van die Bantoe buite die tuislande.**

In werklikheid kan daar nie gepraat word van 'n betekenisvolle verandering of ontwikkeling van die beleid m.b.t. Bantoes buite die Tuislande nie.

Die Naturelle Wet van 1945 geld nog met hier en daar enkele wysigings ter wille van beter administrasie. Artikel 10 maak voorsiening vir die verkryging van permanete verblyfsregte sonder voorsiening vir naturalisasie. Statusse vir Swartes wat hiervolgens onderskei kan word is dat tydelike inwoners hier geduld word solank hul dienste benodig word. Burgerskap en politieke regte word in die tuislande uitgeoefen.

Tydens die bewindsaanvaarding van die huidige politieke party kan daar met trots gewys word na positiewe optredes van owerheidskant. Hier kan genoem word die opruiming van plakkerskampe en slumgebiede, asook die stelsel van Bantoe-administrasierade wat groter beweeglikheid vir die mense tot gevolg het.

Knelpunte wat bly voortbestaan en toeneem in omvang en intensiteit is die inboet van eiendomsregte met die opruiming van agterbuurtes. Verder ook die weerhouding van eiendomsreg en die feit dat die huisvesting nie tred hou met die bevolkingstoename nie. Dieselfde geld vir die voorsiening van ander fasiliteite soos skole en ontspanningsgeriewe asook die beperking op gesinsverblyf.

Die spil waarom die hele problematiek draai kan saamgevat word deur te sê: die konflik tussen ekonomiese belange en strewes en die politieke eise en implikasies.

# Amoreus aktueel

**AMOREUS AKTUEEL wil julle net op die punte van julle tone hou en daarom val ons soeklig hierdie week in die algemeen op die kampus.**

Daar is egter eers 'n paar gelukwensings wat gedoen moet word. Pieter en Elsa Campher met hulle huwelik, Hennie Wagener en Elsie; Stroois en Hester met hulle verlowings. Ons sien dat 'n hele paar primariusse erg „gevou" het. Baie geluk aan Niek (Klooster) en Dennis Raubenheimer (Makouvlei) met julle verlowings. 'n Laaste gelukwensing aan al die „ou" verloofdes soos: Trix van der Lecq, Alinda Botha en Hanne-Le van Heide.

Nou kom ons uiteindelik by al die „nusies"; van die amper verloofdes op die PUK of hoe Rilda en Frans? Oswald van Niekerk het verlede Saterdag aspris sy skouer teen Dorp beseer sodat hy groter simpatie en liefdevoller behandeling van Karin Scholtz kan kry.

Van Caput se kant het Dawid Burger sy enigste liefde (Marie de Wet) in Oosterhof gekry. Die Pote-meisies kry baie aftrek by die PUK-mans en veral by die tennisspelers en hier dink ons aan Fanie Campher en sy Denise.

Die Prim. van Dorp (Zoks) het nou nie so heeltemal soos Niek en Raubies gevou nie, maar hy is vinnig op pad daarheen of hoe Mariette?

Die afrigters van die PUK-atlete gaan baie probleme ondervind om die atlete by hulle winterprogramme te laat hou want daar is sulke „ander" faktore wat groter belangstelling geniet.

By die gewigstoot oefen Annali Cabano en Martin Dempsey baie hard, maar hulle gun egter vir Henk du Toit en Annamari Kroukamp ook darem so 'n kort oefensessie.

By die naellope sukkel Mali Scholtz om by Willie Smit te bly en Gerrie van Rooyen gun Maritha Grobler darem die kansie om so af en toe binne trefafstand te kom.

Ruanda Jacobs is by oefen verby want sy trou Saterdag. Hester Gunter het opgehou oefen, want Retief kan nie die pas so goed volhou nie. Ons wonder nou net of Anne Hayward die Intervarsity-naweek opsetlik stadiger gehardloop het omdat Japie Robbertse hier was.

Vasbyt en geniet die vakansie en ons hoop julle kom almal veilig terug om ons net soveel genot in die volgende kwartaal te verskaf.

PATA PATA.

# KLEREDRAG EN EETSALE

GEAGTE Redakteur — Gerugte doen die rondte dat die P.U.K. dames beskou word as van die bes geklede damesstudente in Suid-Afrika. As dit so is, waarom die reëls vir kleredrag nog strenger maak?

Die intervarsity met RAU is nog vars in die geheue. Die P.U.K. dames met hulle kleurbaadjies en bypassende serpe, sykouse en hofskoene het sekerlik die oog gevang, maar die waardigheid waarmee dit gedra is, het gou verdwyn toe die eerstespan sy wendrie gedruk het en die P.U.K. massa mal gegaan het.

En Sondagmiddag-ete . . . Uitgevat in jou beste Sondagklere en jou sleep in sy kerkpak moet daar ewe bedroef by 'n tafeldoeklose tafel aangesit word. Teen gebarste plastiese koppies, gebreekte plastiese teelepeltjies en nie-altyd-skoon plastiese borde vaskyk. 'n Mens moet jou kop in skaamte laat sak as hy die sout vra en jy die tamatiesous-soutpot moet aangee.

Sweetpakke mag na dese ook nie meer hulle verskyning maak tydens ontbyt nie. As daar dus nie die oggend klas gedraf word nie (want jy het nie klas daardie oggend nie) kan jy dus nie gaan eet nie, tensy jy bereid is om 7-uur op te staan, jou sykouse aan te trek (dit word winter), te grimeer, en 'n rok aan te trek.

Alle dames is lief daarvoor om mooi aan te trek, maar onder bogenoemde omstandighede het mens nie altyd die lus daarvoor nie. Verbeter toestande in die eetsale, hou vir 'n slag huisgodsdiens — hoekom moet daar volstaan word met 'n tafelgebed waarvan jy skaars die amen hoor. Laat ons Maandae en Woensdae 'n halfuur later eet en gee so die wat deelneem aan sport ook 'n kans om fris en vars, netjies geklee in 'n rok en sandale aan tafel te verskyn.

Marthie Coetzee,
Ina Claassens.

DIE JAAR SE PRESTIGEBLAD IN MOOI KLEUR IS AAN DIE KOM: Die Besembos

Wapadredaksie

**Hoofredakteur:** George Lotter.
**Subredakteurs:** Trix van der Lecq, Maritha Snyman, Elzirie Mostert, Johan Peyper.
**Sekretaresse:** Linette Fourie.
**Damesredaktrise:** Liesel Meyer.
**Kunsredaktrises:** Elmarie Robbertse, Ina Pretorius.
**Sportredakteurs:** Theuns de Klerk, Annali Cabano.
**Politieke redaktrise:** Ansie Helberg.
**Studentevaria:** Anita Grobler.
**Inter-universitêr:** Christo Schwelinus.
**Nuusredakteur:** Henk Roodt.
**Akademiese redakteur:** Jan Myburgh.
**A.S.P.U.:** Kobus Fourie.
**Koshuisredakteur:** André van der Walt.
**Fotograaf:** Hendrik Bosman.
**Verspreidingsbestuurder:** Jannie Earle.
**Redaksionele medewerkers:** Tronel Steyn, Roelf Buitendag

# *Transkei Oktober onafhanklik*

**OP 26 Oktober 1976 kom die Republiek van die Transkei D.V. tot stand, as die agt-en-veertigste onafhanklike staat in Afrika. Dat die finale aftelling reeds begin het, blyk uit die volgende:**

* die oorname van die laaste polisiestasie deur die Transkeise polisiemag;
* die uitbouing van 'n eie weermag;
* die oprigting van grensposte;
* die opleiding van inligtings- en diplomatieke personeel en
* die versnelling van die ekonomiese ontwikkelingsprogram.

### KOERSAANPASSINGS

Die onafhanklikheid van die Transkei sal beslis koersaanpassings veral ten opsigte van verhoudings noodsaak. Die verhouding van bo-en-onder-geskik verander nou in 'n verhouding van newegeskiktheid. Groot gedeelte van Suid-Afrika se „grondgebied" in die ooste verander in 'n Swart buurstaat. As gevolg van ruime ervaring wat Suid-Afrika opgedoen het met ander Swart buurstate binne sowel as buite sy grense, behoort die nuwe aanpassings op amptelike vlak nie 'n besondere vreemdheid te skep nie. Die probleemgebied lê in die raakvlakke tussen die burgers in hulle persoonlike kontak.

### ENKELE HAAKPLEKKE

Enkele probleme wat die Transkei in die voor-onafhanklikheidstadium in die gesig staar, is ondermeer:

* internasionale aanvaarding;
* die kwessie van ekonomiese lewensvatbaarheid om as soewereine staat te kan bestaan;
* die posisie van minderheidsgroepe (die Blankes, Kleurlinge en Sotho's);
* die konsolidering van losstaande grondgebiede.

Die Transkei het reeds kennis gegee dat hy na onafhanklikheid aansoek gaan doen om lidmaatskap van die OAE en die VVO. Verskeie Westerse lande waaronder Amerika, het reeds ekonomiese bystand beloof. Welslae op hierdie gebied kan uiteindelik baie bydra tot die internasionale erkenning van die Transkei. 'n Ander argument wat teen sy internasionale erkenning gebruik word, is sy ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika — ondanks die feit dat die BLS-lande tydens hulle onafhanklikheid veel swakker as die Transkei was.

In 'n poging om die wêreld bewus te maak van die Transkeise onafhanklikheid word minstens twee konferensies voor onafhanklikheid in Umtata gehou. Die eerste (in April) word gereël deur Assosiasie Internasionaal, terwyl die S.A. Instituut vir Internasionale Aangeleenthede in Oktober 'n konferensie in Umtata hou.

(Saamgestel deur die Instituut vir Afrikanistiek van die P.U. vir C.H.O.).

# Truk-simfonieorkes

**TWEEDE KONSERTREEKS: PRETORIA & JOHANNESBURG**

**Vrydag 4 Junie, 8.15 nm., Stadsaal, Pretoria, en Sondag 6 Junie, 3.30 nm., Stadsaal, Johannesburg:**
SOLIS: MISCHA MAISKY
1. Tjelloconcerto in B-mineur — Dvorak.
2. Symphonie Fantastique — Berlioz.

**Vrydag 11 Junie, 8.15 nm., Stadsaal, Pretoria, en Sondag 13 Junie, 3.30 nm., Stadsaal, Johannesburg:**

SOLIS: CRAIG SHEPPARD
1. Ouverture: Fidelio — Beethoven.
2. Klavierconcerto nr. 1 in B-mol-mineur — Tsjaikofski.
3. Concerto vir Orkes — Bartók.

**Vrydag 18 Junie, 8.15 nm., Stadsaal, Pretoria, en Sondag 20 Junie, 3.30 nm., Stadsaal, Johannesburg:**

SOLISTE: CRISTINA ORTIZ
1. Ouverture: Benvenuto Cellini — Berlioz.
2. Klavierconcerto — Gershwin.
3. Simfonie nr. 8 in G-majeur — Dvorak.

**Vrydag 25 Junie, 8.15 nm., Stadsaal, Pretoria, en Sondag 27 Junie, 3.30 nm., Stadsaal, Johannesburg:**

SOLISTE: CRISTINA ORTIZ
1. Ouverture: Euryanthe — Weber.
2. Klavierconcerto in A-mineur — Grieg.
3. Simfonie nr. 3 in F-majeur — Brahms.

*Program onderhewig aan verandering.*

**BESPREKING PER POS**

*Seisoenkaartjies (vier konserte):*
Teen die volgende verminderde pryse kan u vooruit bespreek vir die hele reeks konserte en sodoende verseker dat u dieselfde sitplekke vir elke konsert kry:
R12,25 en R8,25.

*Kaartjies vir enkele konserte:*
Indien u nie die hele reeks konserte wil bywoon nie, kan u vir enkele konserte bespreek. Hier geld die volgende pryse:
R3,70, R2,70 en R1,65.

*Bepaal u prysgroep:*
Indien u per pos bespreek, moet u op die bygaande vorm aandui in watter prysgroep u u kaartjies wil hê. U moet ook aandui of u verkies om op die galery of onder in die saal te sit.

**Aan: Computicket, Posbus 2449, Pretoria, 0001.**

**ONTHOU:**
**Alle S.S.R.-VERGADERINGS is ope vergaderings en kan deur enigeen bygewoon word.**



Hierdie week stel Die Wapad Dawie Ferreira, voorsitter van R.A.U. se Studenteraad bekend.

# KOM ONS GROET WEER!

**O PUKKIE JY! Hoe kan ek praat as my hart seer is? My hart is seer want ek is 'n PUK. Hoekom?**

„Hallo!", hoor ek iemand groet, sonder enige reaksie van die ander kant af. Ek staan verwonderd, en weet dat ons met spyt moet erken dat sulke tonele hom meermale daagliks afspeel.

Om watter ander rede sou ons wonder? Die antwoord is logies. Ons is nie meer die klein plattelandse Universiteit nie — ons is 'n massa! Die dae is verby toe almal mekaar naastenby geken het. Ons word elkeen 'n nommer, 'n niks.

Hieroor betoog ek, want ons kan dit verhelp. Met 'n klomp nikse op die kampus kan ons nie saam die genot, die tinteling van student-wees geniet nie. Om vaak-vaak 'n lig te flikker en dan opgewonde en half hartseer na 'n mooi en sommer lekker sêr te luister en om bly te wees saam met 'n nuwe gekose Studenteraad omdat jy hulle ken.

Dames, moenie skrik, of dit as 'n vernedering of as voorbarigheid beskou as 'n man jou groet nie en as 'n man jou nie groet nie, groet hom! — iemand gaan tweede viool speel.

Om bly te wees as jy 'n Puk êrens met vakansie raakloop, asof jy wil gil en aan die wêreld wil vertel: Ons is PUKKE.

Kom ons maak die beste van die slegte saak en hou op om tarentaal-tarentaal met mekaar te speel. Hoe?

Groet mekaar en groet mekaar nogmaals. Wees hartlik, wees vriendelik, wees PUK. Laat ons, ons identiteit as spontane PUKKE behou (massa of nie massa nie) en al die dinge soos gees (koshuis- en kampusgees) sal vanself regkom. As ekke PUKKIE sy deeltjie bydra ... 'n Klein vuurtjie steek 'n groot hoop hout aan dit brand.

Is jy te skaam, te hoogmoedig om iemand te groet en is jy dalk reeds 'n nommer, 'n niks? Dan was jy nog nie PUK nie. Probeer, dis lekker.

Sal ons slaag?
Ons kan slaag!
As ons slaag ... my hart is bly — ek is 'n PUK.

— Schalk.

# 'N OPE BRIEF AAN DIE SSR

**GEAGTE mnr. die voorsitter en raadslede, — Dit het 'n geruime tyd gelede al onder my aandag gekom dat daar 'n brief aan die Puk geskryf is deur prof. H. Hart van die Christelike Instituut, Toronto, Kanada. Die brief sou as 'n Vyf Minute dien, maar is toe verban.**

Na wat ek vanuit ingeligte bronne te hore gekom het, wil dit vir my voorkom asof ons SSR se argumente teen die brief in die lug hang. Dit skyn asof hul groot beswaar teen die stuk as sulks nie akademies gefundeer was nie, maar na my mening eerder 'n soort van beginsel-politiek: dit het glo ook geblyk uit die hantering van die stuk.

Bogenoemde is nie beskuldigings nie, aangesien ek self nie op die onderskeie vergaderings was nie, nie die samesprekings ten opsigte van genoemde skrywe bygewoon het nie, ens.

Ek kan myself dus nog nie verantwoord hieroor nie.

My probleem is egter nou dit: Vir myself en vir talle ander persone is dit duister waarom die stuk verban is. Voorts verstaan ek dat op Maandagaand 15 Maart se SSR-vergadering 'n kommissie aangestel is om bogenoemde saak te ondersoek. Goed en wel, maar dit is die samestelling van die kommissie wat ek bevraagteken. Sal dit vir ons SSR moontlik wees om 'n verklaring met gronde en motivering in die Wapad te plaas waarin hul hulself verantwoord ten opsigte van hul optrede met betrekking tot die skrywe?

Baie dankie aan die Wapad vir die plasing van die brief en by voorbaat dank aan die SSR vir hul spoedige reaksie op die versoek.

Altyd 'n goeie PUK

Louw van Biljon

Hombré.

## Tande-wenk

DIT is noodsaaklik om daarop te let dat die regte tandeborsel gebruik word. Van die vroegste tye af het die mense sagte stokkies of boom-bas gekou, totdat tandeborsels in die negentiende eeu op die mark verskyn het. Aanvanklik is tandeborsels van diere-hare vervaardig en later van nylon. Sintetiese hare word deesdae algemeen gebruik vir tandeborsels, veral as die punte van die hare rondgemaak of poleer is. Tandeborsels moet maksimaal 3 maande gebruik word, waarna die haarpunte breek en die doeltreffendheid van die borsel verlaag word. Vir gesonde tandvleise word 'n normale of harde borsel aanbeveel, terwyl 'n sagte borsel vir bloeiende of ontstekende tandvleise gebruik moet word.


**POTCH IN**

Tel 21881 saans/Evenings
Tel. 6345 bedags/Daytime

Vrydag 9 en Saterdag 10 April (Albei vertonings)

**Jakkalsdraai se mense**
Mensiike drama, met
* WENA NAUDE en
* JAN BRUYNS
KINEKOR — (4 — 16)

Maan. 12 — Don. 15 April

**Jaws**
Cintro.

**VRYDAG, 16 APRIL TEATER GESLUIT**

Sat. 17 April (albei vertonings)

**Jaws**
Cintro.

**GOUE WESTE INRY-TEATER**

**Maan. tot Dond. 7.00 nm. Vry. & Sat. 6.45 en 9.00 nm.**

Vry. 9 en Sat. 10 April (Dubbelvertonings)

**Zorro**
EN
**All the way boys**
STER

Dubbelvertoning Maan. 12 — Woens. 14 April

**Legend of machine gun**
* DALE ROBERTSON
Aksie (4 — 14)
EN

**Last ride to Santa Cruz**
* EDMUND PURDOM
Western

Dubbelvertoning: Don. 15 — Sat. 17 April
**(GESLUIT OP VRYDAG 16 APRIL.**

**From Africa with love**
Warm wonderful story.
EN

**Assault on a Queen**
* FRANK SINATRA
RILLER. — Almal welkom.

**TWENTIETH CENTURY**

Fri. 9th **SOLD OUT**
Sat. 10th, 2.00 p.m. 6.00 p.m. & 8.45 p.m. Mon. 12th, 8.00 Tues. 13th Wed. 14th Thurs 15th 2.30 & 8.00 p.m. Sat. 17th — 2.00 — 6.00 and 8.45 p.m.

**Funny People**

Sat. 10th Morning 10.00 a.m.

**Caught in the net**

# Koshuiskos



HOMBRÉ

## HOMBRÉ

SOOS verlede jaar het die Hombré weereens vroeg-vroeg bewys dat hy net soos verlede jaar sy man gaan staan en 'n voorbok op elke gebied gaan wees.

Op die atletiekveld spog ons reeds met 'n tweede plek in die junior sowel as in die senior atletiek. Op die rugbyveld is die manne ook van plan om hulle beste te gee, en die terugslag vroeg in die seisoen te vergeet. Geluk aan Dawie Doep wat ons 14-10 gewen het, alhoewel ons voel dat ons moes gewen het, het die telbord die laaste sê gehad. In die B-liga het Hombré geseëvier met 10-8 teenoor Kloos-ter en die C-liga het Hombré met 53-0 teen Dawie Doep gewen, en dit getuig van die diepte in ons rugby.

Met die Intervarsity teen R.A.U. het Hombré drie spelers in die Puk se twee top spanne gehad, waarvan Danie Weitz 'n uitblinker in die Ibbiesspan was.

Baie dankie aan Karlien vir die interskaats in Johannesburg, ook aan die wat gesneuwel het!

Hierdie naweek word daar 'n interaksie met Wanda gehou op Parys, en dit gaan weer feeste wees.

Aan die Klooster „nefies" wil ons net 'n vriendelike waarskuwing rig: Die groot slag van Aida's kom en die hare gaan waai!




## LIEFDES-VERKLARING

SATERDAG maak ons geskiedenis Die twee bakste koshuise op die P.U.K. gaan saam gees vang op die oewers van die Vaal. Hombré dink net as ons windverwaaid en eindelik daar anderkant aankom.

Lekker boeresport die heel dag en genoeg energie om die akademie tweede te laat kom. Kyk, Saterdag vergeet ons van alles. Dis net Hombré en Wanda en Hombré . . . en moenie die fliek vergeet nie.

Ons sien uit daarna en groetnis tot Saterdag.

Wanda-liefde.

## KARLIEN

Al die vonkel van Intervarsity-sjampanje het uit Karlien gekom. Ons wil net vir Marianne Nel baie geluk en dankie sê dat sy so oulik met die Intervarsity teeu R.A.U. was.

Karlien is nie net die koshuis met mooi meisies nie, maar ook die koshuis met van die beste tennisspeelsters. Baie geluk Reneé dat jy tot in die finale-rondte van die P.U.-kampioenskappe deurgedring het.

As koshuis was daar die afgelope twee weke groot pret gewees en gaan daar beslis nog groter dinge in die toekoms wees.

Die kaas-en-koeldrank-aksie met Dorp was 'n reuse sukses! Ons sien beslis uit na nog geleenthede saam.

Donderdagaand is die Groot Brag saam met Over-de-Voor, waarna ons geweldig baie uitsien.

Vrydagaand is die formele-affêre van die kwartaal! Elke kwartaal het Karlien só 'n aksie en hierdie een gaan 'n ekskursie Klerksdorp toe wees. Manne dis 'n aksie wat julle nie moet misloop nie.

Tot later en gaan voluit vir die vakansie Karlieners en kom veilig en in een stuk weer terug.

## CINE-PUK

10 April — Saterdagaand: Sunshine.

12 April — Maandagaand: Sunshine.

## *Wag-'n-bietjie*

WAGGELEND op die stertpuntjie van die Eerste Kwartaal, kan Wagies terugkyk op 'n feestelike twee maande. Ons het beweeg van 'n hoë-lui Tuinparty om ons tweede verjaarsdag te vier tot 'n Boerebraai in die maanlig met die manne van Over-de-Voor!

Die Tuinparty was so 'n sukses dat ons nie kan wag om weer te verjaar nie! Die deftig-geklede dames het met galante here tussen keurige kostafels deurbeweeg en toe gaan ontspan om na die grappies van ons seremoniemeester Theuns Eloff en die strelende musiek en sang van ons kunstenaars te luister.


Ons Boere-braai was nie minder musieklik nie. Een van die Overs-manne weet hoe om 'n trekklavier te tokkel en met behulp van die reuse stukke braaivleis en natuurlik die maanlig, het Wag-'n-Bietjie se inwoners met vol magies en lekker harte gaan slaap.

Karnaval lê om die draai en ons wil almal graag daaraan herinner dat, al is ons net twee jaartjies oud, ons nog elke jaar gehelp het om die wenvlot te bou! Ons gaan natuurlik hierdie jaar saam met Hombré weereens 'n meesterstuk lewer!

Die Sêr-kompetisie-deelnemers oefen elke aand totdat almal rustig slaap, so, dit lyk of hulle minstens deeglik voorbereid gaan sing!

Hombré, julle uitnodiging was welkom en ons belowe om sommer stukke en tonne feestelike geeste op te bou vir die vlotbouery!

Sterkte aan al die Wagies vir die laatnagte met al die „aksies" . . . en natuurlik die akademie!




# KARL'IEN



**Beveg Inflasie**

WOON ALLE

KLASSE BY

**VERRAS**

U PROFESSOR,

WOON AL SY

KLASSE BY



## KLAWERHOF

DIE afgelope twee weke was dit weer een groot fees om in Klawerhof te wees! (net soos die vorige weke).

Verlede Vrydagaand, die aand voor Intervarsity het die eerstejaars die seniors gedaag vir 'n kussinggeveg — nadat ons mekaar vodde geslaan het, (sonder dat ons koshuisma 'n woord daarvan weet) het ons ons „wonde gelek" deur tot vroegoggend te „social."

Tussenin het die eerstejaars ook nog 'n pannekoekfees vir die ou dames gegee en daarna Liberalia se buffel, onder hulle neuse gaan steel en Makouvlei wakkergemaak, omdat hulle so vroeg gaan slaap het.

Die afgelope naweek was die naweek van die groot Caputfees. Saterdagoggend het die niggies hul Caputfees gaan aanmoedig by die rugbyveld en die heel Saterdagmiddag is daar boeresport gehou. Daar is sokker gespeel, driebeenresies gehardloop en, is daar nie eier gegooi nie. Die aand is daar tussen die pannekoekbakkery ook nog gefliek en laataand (of was dit nou vroegoggend) het ons gaan slaap.

Die hokkie en netbalspanne oefen hard en gereeld vir die ligas van volgende termyn.

Klawerhof hou die 8e Mei 'n groot reünie. Dit gaan die vorm van 'n kaas-en-wyn-aand aanneem. 'n Besigtigingstoer word ook onderneem. Alle Klawerhofdames en oud-Klawerhofdames sien uit na die reuse geleentheid.

## DORP

DORP beplan groot dinge vir die komende karnaval. Voorbereiding het reeds begin vir 'n karnaval waarin Dorp 'n bydrae, soos nooit tevore nie, gaan maak.

In hierdie komende feeste sal Heide die Dorpsmans onderskraag. Die gevolg? Die eindresultaat van Dorp se poging gaan asembenewend wees. Ons begin reeds eerskomende naweek om die resultaat te behaal. Dorp se manne gaan — ja, raai 'n bietjie — trapkar ry.

Is dit maar al? O, nee. Hulle gaan trapkar oefen, ja, maar hoe? Hulle gaan Klerksdorp toe ry. In hierdie trappery sal Heide se dames natuurlik 'n groot ondersteuning wees. Dit beteken nie dat ander Pukke hoef weg te bly nie; almal is hartlik welkom om te kom ondersteun en die mense wat oefen aan te spoor.

Weet dus Pukke dat Dorp groot dinge in die oog het vir hierdie jaar se Karnaval. Die manne wat gaan trap, is fiks en lus vir die dinge. Die kettings wat gaan kraak en die sweet wat gaan loop, gaan Dorp se gewilligheid jeens die Karnaval en die se gees weerspieël.

Tog gaan dit om meer as net 'n blote oppervlakkige trapkartoer. Dorp berei hom op sy beste voor om ook so 'n bydrae te kan maak aan die minderbevoorregtes en op die manier dankbaarheid te betoon vir wat ons ontvang.

Ons almal se sterkte aan die trapkarmanne. Aan die Pukke; ons weet julle sal ons ondersteun.

VRA DIÉ VAKANSIE

VIR PA GELD

VIR DIE

**Nuwe**

**Besembos**

## SOETDORINGS




WIE sou nou ooit kon raai dat Soetdorings ook 'n PUK-koshuis is? Dit wil vir my voorkom asof selfs die owerhede nie so deeglik daarvan bewus is nie.

Nou kyk, laat ek julle nou vertel: SOETDORING-dames is PUKKE. Ons draf klas op die kampus van die PUK, ons stem vir die S.R. van die PUK, ons bring PUK-aksies by (as ons daarvan te hore kom, al is dit nou nie deur die „regte kanale" nie — blykbaar het „die regte kanale" verstop geraak!, en het selfs interaksies met die ander koshuise op die PUK.

Ons het byvoorbeeld nou die nag gaan sêr en het heerlike koffie by die manne van Hombre en Klooster se eerstejaars gekry. Dit was egter nie genoeg vir hierdie manne nie. Ons moes toe 'n braaivleis met Hombre se Gang 5 hou om darem die verhouding te bevestig. Ook Klooster se manne het nie genoeg van ons gehad nie, en nooi ons toe vir 'n spring-mielie-en-roomysfliek (met die gevolg dat die huisma daardie nag 'n paar asters moes troos wat nagmerries gehad het — ek weet nou nie of die nagmerries te wyte was aan die springmielies en roomys of aan die fliek nie).

(Moet net nie vir die owerhede daarvan sê nie, maar ons eerstejaars gee ook vir ons feestelike feeste soos die ander koshuise se eerstejaars. Hulle spook ook by ons, met die heerlikste resultate.)

Dus kan julle sien dat Soetdorings se inwoners ook Pukke is, en dat ons eintlik die beste dameskoshuis op die Puk is. So moet ons asseblief nie in die toekoms buite rekening laat nie. Geagte PUKKE, ek stel julle voor aan die (nuwe) PUKkoshuis — SOETDORINGS.



Met die winter wat vinnig nader kom, sal die sit in die sonnetjie — soos op die foto — iets besonders wees.

# CECIL SKOTNES

**CECIL EDWIN SKOTNES is in 1926 in die Kaapprovinsie gebore. Hy het sy onderrig in Johannesburg gekry en vanaf 1944—46 in die Suid-Afrikaanse magte in Italië gedien.**

Hy het ses maande lank die tekenkuns onder Heinrich Steiner in Florence gestudeer. Aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal hy 'n graad in Skone Kunste.

Hier het die senior lektrise in Kunsgeskiedenis dr. Maria Stein-Lessing sy loopbaan beïnvloed. Sy het 'n geesdriftige waardering vir die kuns van primitiewe Afrika gehad.


Picasso se kubistiese skilderye en die affinitiet vir rituele beeldhouwerk van Afrika het 'n sterk aantrekkingskrag vir Skotnes gehad.

Hy ontwikkel egter 'n eiesoortige styl en onder aansporing van Egon Geunther 'n immigrant uit Duitsland lê hy hom toe op houtsnee.

Dit was die begin van 'n nuwe gebeurtenisvolle fase in Skotnes se kunslewe toe al die elemente van sy ondervinding en persoonlikheid op 'n enkele, doelgerigte skeppingsvorm afgestuur is. Sy aanvanklike ontledende projeksies het taamlik vinnig plek geruim vir ritmiese formasies. Twee onderwerpe het veral sy voorkeur geniet: landskappe en die menslike figuur.

Skotnes het die Potensiaal van gegraveerde panele as selfstandige kunsvorm op die voorgrond gebring. Sy kuns projekteer die beeld van 'n Suid-Afrikaner wat bewus is van sy unieke erfenis van die rykdom uit beide wêrelde.

(Met erkenning aan „Trompie").



# Op die keper

**"WHAT'S IN A NAME?", skryf 'n befaamde Engelse dramaturg, en soveel eeue later moet 'n mens jouself afvra: wat beteken die naam "NUSAS"?**

Party sal daarin lees wat letterlik daar staan: naamlik dat die nasionale unie is, of poog of voorgee om een te wees. Nasionaal? Nou ja, op die oomblik bestaan dit uit slegs 4 van die land se 16 universiteite. En dit is 'n voldonge feit dat Rhodes gaan disaffilieer en hoogs waarskynlik dat boonop nog ten minste Pietermaritzburg dieselfde paadjie gaan loop.

En die woord unie, watter emosionele konotasie dit ook al mag hê, voorspel, by naderbetragting, nie veel wat goed is nie. Die verskille ideologies en andersyds, tussen Suid-Afrikaanse studente is net eenvoudig te groot om 'n hegte eenheid soos 'n unie te kan laat slaag. Want sodra iets 'n politieke kleur kry, is die onenigheid wat dit veroorsaak so fel dat die verloorkant liewer niks met die hele spul te doen sal wil hê nie. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die disaffiliasie van die Afrikaanse kampusse in '33, dié van Saso nog later, en ook die geleidelike ontrekking van al die relatief swakker onderwyskolleges. Dus: senter-affiliasie werk in die huidige politieke konteks net eenvoudig nie. Selfs nie eens in die geval van die ASB, waarvan Stellenbosch gedisaffilieer het nie. Dit bly maar 'n droom.

Ander sal egter kom en sê dat NUSAS glad nie is wat sy naam aandui nie; dat dit nie 'n unie nie, maar 'n federasie van studenterade is. So iets klink wel na die ideale oplossing, maar in die praktyk sal dit nooit werklik so wees nie, want daar moet onthou word dat NUSAS heelwat meer as net sy studenterade is. NUSAS is oor die jare om 'n aantal spesifieke projekte gestruktureer. En hoe ook al die studenterade kom en gaan, bly die projekte, dit wat NUSAS doen dit wat NUSAS in die praktyk wérklik is, tot 'n groot mate onafhanklik en relatief onveranderd. NUSAS en sy projekte is onafskeidbaar, of ons dit nou wil hê, of nie. (Geneem uit Varsity-koerant van Kaapstadse Universiteit).

# Pukke besoek klinieke

**VERLEDE Saterdag was 'n besondere dag vir Liber Factus, die vereniging wat drank- en dwelmverslawing bestudeer. Daar is naamlik besoeke gebring aan drie klinieke aan die Rand wat besonderlik met dié probleme te doen het.**

Onder die leiding van Tjaard Venter is eers die Wedge-plaas besoek (in Sandown) waar drie hoofgroeperinge alkoholiste behandel word. Daar is 'n afdeling vir mans, vrouens en vir mans ouer as 60 jaar.

Vervolgens het die groep by die Phoenix-huis vir dwelmverslaafdes uitgekom. Daar word ook baie goeie werk gedoen veral onder jongmense. Die multi-godsdienstige benadering het egter vreemd voorgekom vir die Pukke.

Die Saterdagaand is die Krisiskliniek in Hillbrow besoek. Hierdie kliniek staan onder beheer van die Departement Volkswelsyn en behartig alle krisisgevalle wat na 5 nm. opduik, d.w.s. sake soos persoonlike probleme, dwelmverslawing en die gevolge daarvan.

Geheel genome was die dag baie leersaam en het veral die toekomstige maatskaplike werksters, psigoloë en predikante baie baat daarby gevind.

Liber Factus beplan nog meer sodanige uitstappies. Navrae kan by Tjaard Venter (Liberalia) en Frikkie Odendaal (Makouvlei) gedoen word.


IETS WAT U TOT DUSVER MISKIEN UIT DIE OOG VERLOOR HET, KAN DALK U HELE TOEKOMS BEPAAL.

'n Bank.

As mens platsak is, is dit moeilik om te glo 'n bank kan jou help om jou ambisies in die lewe te verwesenlik.

Maar banke is vandag anders as in die ou dae.

Ja, dis nog steeds 'n veilige bêreplek vir mens se geld. Daarby speel hulle egter vandag 'n veel aktiewer rol in die gemeenskap.

By Nedbank kan u 'n lopende rekening open met wat sommige mense as kleingeld sou beskou. Ons gee nie om hoe veel of hoe min geld u vandag het nie. Maar ons stel wel belang in hoe toegewyd u werk aan u toekoms. En hoe ons u kan help om sukses te behaal in u strewe.

Want help kan ons u help. Op meer maniere as wat u dink.

In u studiejare – wanneer u kontant moet hê vir boeke, klasgeld of losiesgeld. Of sommer net om aan die lewe te bly.

Ná u universiteitsdae – wanneer u nog meer geld gaan nodig hê om u eie potjie te krap.

En later, wanneer u eindelik 'n goeie inkomste verdien, sal ons daardie verdienste vir u vinnig laat vermenigvuldig deur verstandige belegging.

Nedbank bied u dus u lewe lank 'n groeiende reeks praktiese planne om algehele finansiële sekuriteit te verkry.

**Studiehulp**

Die oomblik wanneer u 'n bankrekening open by Nedbank, ruil u u geld in vir Nedrand. Dit sal u eerste kennismaking wees met die hardwerkende rand – die één geldeenheid wat spesifiek gerig is op groei. Later in u lewe sal u ten volle besef presies hoeveel harder Nedrand as die gewone rand werk.

U kan 'n lopende rekening of 'n spaarrekening open. As u kampus 'n Kitskontant-masjien het, kry u 'n Kitskontant-kaart. Daarmee kan u selfs na bankure kontant uit die masjien trek.

Ná u eerste studiejaar kan u aansoek doen om 'n leningsrekening. Dit sal help om dinge sommer baie makliker te maak vir u.

Ons weet almal hoe duur boeke en toerusting deesdae is. Om nie eens te praat van klasgeld en kos nie. U kan die lening na eie goeddunke aanwend.

U kan natuurlik net tot 'n sekere vasgestelde bedrag leen. Maar u betaal net rente op dié geld wat u werklik trek. En die rente van 5,5% per jaar is besonder billik.

As u inskryf vir 'n MBA graad, kan ons moontlik 'n MBA-lening aan u toestaan. Hier is die maksimum leningsbedrag hoër, en die voordele is dieselfde.

As u 'n studie- of vakansiereis onderneem, kan ons u ook help. Ons kan alle besprekings vir u behartig, en reistjeks asook buitelandse valuta voorsien.

Ons kan selfs leesstof verskaf. Soos publikasies oor die ekonomie. Ook Passport to Pleasure, ons tydskrif oor spys, drank en vermaak. En Nedbank Sportsman, propvol interessante inligting oor feitlik elke sportsoort in Suid Afrika.

**Wegspringkapitaal vir u eie onderneming**

As professionele man sal u dit dalk eendag oorweeg om u eie besigheid te begin of 'n vennootskap aan te gaan. Weer eens kan Nedbank u meer help as wat u van 'n bank sou verwag.

Miskien 'n lening teen 'n redelike rentekoers en op baie goeie voorwaardes.

Vir 'n dokter of tandarts bied ons spesiale huurfasiliteite. U kan naamlik al die nodige toerusting huur wanneer u u praktyk begin.

**Ons laat u geld méér geld verdien**

As u die dag goed gevestig is, met 'n steeds groeiende inkomste, sal u miskien dink ons het u nou gehelp soveel ons kan.

Maar nee.

Op dié stadium kan ons dienste van groter belang as ooit vir u wees.

Want nou tree die geweldige krag van die Nedrand ten volle in werking.

Dit hang net van u af. U kan die geld wat u verdien, laat leeglê. Of u kan dit in die werk steek by Nedbank om op eie houtjie nog baie meer geld te verdien. (Met ander woorde, terwyl u werk om geld in te bring, werk u Nedrand ewe hard om nóg geld in te bring.)

Ons het verskeie planne wat u kan inspan om u inkomste of kapitaal of albei te laat groei. En almal bied die hoogste moontlike rentekoerse. Ons sal u help besluit oor die regte een vir u.

U kan ook met ons gespesialiseerde beleggings-adviseurs gesels. Ons finansbeplanners. Versekeringskonsultante. Die land se voorste finanskenners is hier tot u beskikking.

**Eenmaal 'n Nedbanker, altyd 'n Nedbanker**

Dis 'n uitgemaakte saak: Sodra u 'n Nedbanker word, begin dinge gebeur. Van daardie oomblik af verloop u sake al hoe meer voor die wind.

Eerstens help ons u om sukses te behaal in al u doelwitte.

En dan sorg ons dat u 'n inkomste kry wat by u sukses pas.

Kom loer so gou moontlik in by u naaste Nedbank tak. Vertel die bestuurder wat u posisie is en laat die res aan hom oor.

Nedbank haal die geldelike laste van u skouers af sodat u vry is om te konsentreer op dié dinge waarvoor u universiteit toe gekom het. U studies en u toekoms.

Hoe verder u vorder, hoe harder werk Nedbank vir u.



DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS

Nedbank Beperk Geregistreerde Handelsbank

'n Lid van die Nedsual-groep.

NEDBANK

# Hokkie puik

**DIE Puk se dameshokkiespanne het verlede Saterdag puik vertoon teen RAU se spanne. Die eerste span se telling was 7—1 en die tweedes se telling was 12—0.**


Die eerstes het aanvanklik redelik tam vertoon, maar na rustyd het hulle vlam gevat en pragtige ritme begin kry. Die snellers, Lizette Uys, Louise Strydom, het veral na die blaaskansie baie hard gewerk. Heila van Deventer op middelskakel, Sanpat Coetsee as agterspeler en Marianne Joubert op skakel het besonder goed vertoon.

Die tweede span het as geheel ook baie mooi gespeel. Daar kan nie werklik uitsonderings gemaak word nie. Die kompetisie was werklik nie van hoë standaard nie. Naomi Davel, 'n eerstejaar op middelvoor, Susan Malan op regtervleuel en Rinza Burger op middelskakel het goed gespeel. Laasgenoemde het veral die spel baie goed beheer.

Die Puk se spanne het werklik goed gelyk, hoewel RAU nie as barometer geneem kan word nie. RAU is nog jonk en baie onervare hoewel hulle moontlikhede vir die toekoms inhou. Intussen behoort die Pukke net met groter motivering te oefen en te sorg dat hulle reg is vir die werklike grotes.

Op Saterdag 10 April word 'n afrigterskursus vir hokkie aangebied deur Sheila McCarthy, beroemde oud-Springbok. Sy is 'n ervare afrigster en Puk se eerste en tweede spanne is gevra om op te tree as voorbeeldspanne.

Die kursus begin om 8.30 vm op die Puk-velde. Die middag sal daar 'n toernooi plaasvind waarin al Wes-Transvaal se spanne sal speel. Dit gaan ook gepaard met die opening van die Wes-Transvaal liga.



Die onderwaterhokkiespan se dames hier in aksie tydens die onlangse Intervarsity met R.A.U. (Foto: Fotiek.)

# GROENTJIE GEWILD

**ONDERWATERHOKKIE**

ONDERWATERHOKKIE, een van die onderafdelings van die Onderwaterklub, is seker een van die jongste sportsoorte op die PUK.

Dat dit geweldig gewild is, blyk uit die steeds groeiende ledetal en die feit dat die PUK vir die eerste keer in die geskiedenis van Onderwaterhokkie, 'n volwaardige damespan kon inskryf teen RAU, die afgelope Intervarsity. Hulle het die damesspan van RAU gewen met 'n telling van 6-0. As mens in ag neem dat daar 6 dames in 'n span is en die afgelope 5 jaar kon daar geen damesspan saamgestel word nie, is die ledetal 13 van vanjaar 'n duidelike aanduiding van belangstelling in dié sport.

Die mans staan ook geen tree terug nie en albei spanne het RAU oortuigend geklop. Hierdie resultate sou nie moontlik gewees het as dit was vir elke aand se oefening en die mans se geduld om die dames af te rig nie.

# KURSUS

DIE PUK se netbalspanne het Saterdag klaargespeel met RAU se spanne. Die eerste span het met 35-5 gewen en die tweedes met 25-3.

Eerskomende Saterdag word 'n netbalkursus aangebied deur die bekende Springboknetbalspeelster, Tobiana Willemse. Dit sal die hele dag lank duur en begin reeds die oggend om 8.30 vm. op die PUK-bane. Daar word ongeveer tagtig verteenwoordigers van laerskole verwag en die senior klubs in Wes-Transvaal stuur spanne.

# Tennis uitgestel

**DIE finale eindrondtes van die PU Geslote kampioenskappe kon nie verlede Saterdag klaargespeel word nie, en sal dus eerskomende Saterdag voortgesit word. Die dames dubbels en gemengde dubbelspelle moet nog gespeel word.**

In die mans enkels het Fanie Camper klaargespeel met boet Fanie wat dus die opvolger is. In die dames enkels het Gene Fourie Rene van Rensburg oortuigend in die tweede plek ingeskuif.

In die mans dubbels het Pieter en Fanie Camper koning gekraai oor Derek en Clive Botha.

In die gemengde dubbelspelle het Derek Botha en Sanmarie Oosthuisen vir 'n groot verassing gesorg deur Pieter Campher en Gene Fourie te wen. Hulle het hul oorwinning behaal nadat Pieter en Gene reeds 12 wedstrydpunte gehad het. Hulle dring dus deur na die finaal.

**KOSHNISLIGA:**

Die koshuisliga neem volgende Saterdag om 8.30vm in aanvang. Koshuisverteenwoordigers moet sorg dat hul spanne reg en op die baan is.

# GHOLF

**P.U. GHOLFKAMPIOENSKAPPE**

WEENS die oorstromings die afgelope tyd is die gholfbaan op plekke nog onder water. Gevolglik sal die kampioenskap uitgestel word na 'n later datum. Dit sal nie meer op 10 April 1976 kan plaasvind nie. 'n Nuwe datum moet in samewerking met die Buiteklub se komitee gereël word. So gou as dit beskikbaar is, sal ons dit weer publiseer.

# Pragatletiek

**TYDENS die SA Ope Kampioenskappe het 'n aantal Pukke ook gaan stem dikmaak.**

Piet Meyer het in die 20km stap vir 'n nuwe SA rekord gesorg met 'n pragtyd van 1 : 36 : 24,0. Hendrik Badenhorst was tweede met 'n tyd van 1 : 41 : 29,8. Piet Goosen was tweede na John van Reenen in die skyfwerp met 'n afstand van 58,06m. Hy was ook vierde in die gewigstoot met 'n stoot van 15,61m. Henk du Toit was sesde met 'n afstand van 15,31m.

Gert Doorewaard het in 'n epiese stryd met Julian Marsay tweede geëindig in die 3 000m hindernis met 'n tyd van 8 : 54,2.

Die dames het ook redelik goed gevaar. Alta Stander het in die pragtige 400m derde gekom met 'n tyd van 54,2. Wilna Fondse was in beide die skyfwerp en gewigstoot vyfde met afstande van 40,92m en 12,40m.

# PUK SNEUWEL

NA drie jaar kon Dorp uiteindelik daarin slaag om 'n oorwinning oor die Pukke te behaal. Die Donkerrooies het Saterdag die Pukke met 25-10 geklop.

Met die pak voorspelers wat onkeerbaar was, het Dorp genoeg balle gekry om aanvalle te loots. Dries Coetser as kaptein, bygestaan deur Flame van der Westhuizen en Okkie Oosthuizen, het hul bes gedoen, maar verdere ondersteuning het ontbreek.

Met die baie balbesit kon Dorp egter nie baie uitrig nie. Teen rustyd was die telling nog ses punte elk. Tot vyftien minute voor die einde het Dorp slegs met 13-10 voorgeloop.

John Bonthuys, skole-Springbok heelagter, was natuurlik die Pukke se groot kopseer. Van Dorp se 25 punte het hy 17 punte aangeteken met een drie drie strafdoele en twee doelskoppe. Sy posisionele spel was ook baie goed. Die ander punte is aangeteken deur Jakes Jacobs en Tak Jacobs, elk met 'n drie.

Vir die Pukke het Flippie Venter die enigste drie gedruk, terwyl Manie van Jaarsveldt met twee strafskoppe geslaag het. Baie skaafwerk lê nog voor vir die Pukke. Dit is nog vroeg in die seisoen en daar lê nog harde wedstryde voor.

# Ibbies stoomroller oor Pote

DIE Ibbies is besig om oor die een na die ander span te stoomroller. Die span wat hierdie jaar die Neserbeker in sy glaskas wil sit, sal eers met hierdie Ibbies moet afreken.

Niemand kan uitgesonder word nie, want die Ibbies speel as 'n span en hul oorwinning oor Pote vir verlede jaar se Neser B-beker, was 'n spanpoging. Afrigter Christo Holtzhauzen, voorstander van hardlooprugby, se stempel is al duidelik afgedruk op die Ibbies se spel.

Dit was 'n lewendige wedstryd met mooi bewegings wat Saterdag weer die Ibbies as wenner uit die stryd laat tree het. Hulle het links en regs aangeval en die Pote kon nie al die gate toestop nie. Die Pukke het dan ook met hul hardlooprugby sewe drieë aangeteken teenoor die twee van Pote. Die telling van 42-10 is 'n getroue weergawe van die spel.

Vir die wenspan het Nartjie Nortje, Theuns Eloff en Koos Wentzel elk twee drieë gedruk en Pierre Pieters en Pierre Olivier, elk een. Peet Badennorst het drie van hierdie drieë en Poerie van Rooyen twee vervyf.

Smous Venter en Petrus Breedt het vir Pote drieë gedruk waarvan Sarel de Wet een vervyf het.

# UITSLAE

SLEGS een koshuisrugbywedstryd is die naweek in die A-liga beslis. Caput klop Drakenstein 6-4. In die B-liga het Dorp Dawie Dup met 27-8 geklop.

Ander uitslae: Caput 14, Over de Voor 6 en Klooster 11, Drakenstein 10.

Uitslae C-liga: Over de Voor 24, Dawie Dup 6. Hombré 8, Klooster 0. Dorp B 14, Caput 10.

SPAAR JOU SENTE VIR DIE **Nuwe Besembos** NOU

# MUURBAL

DIE PUK se eerste muurbalspan is, na hul oorwinning oor PUK-personeelspan, bo-aan die punteleer saam met Strathvaal. Elkeen het op hierdie stadium sestien punte in die liga.

Slegs Clive Ulyate kon 'n wedstryd vir die personeelspan wen met sy oorwinning van 3-2 or Johan de Bruyn na 'n harde wedstryd. Met hierdie oorwinning neem Ulyate weer die boonste plek op die gesamentlike PU-leer in.

In die oorblywende wedstryde het die studente goed gevaar. Thinus Schmidt het Daan Gouws met puik spel geklop — 9/10, 9/3, 9/3, 9/0.

Jimmy Versveldt het nie veel moeite met Helene Schlebusch ondervind nie — 9/3, 9/5, 9/2. Boet Schlebusch het in 'n harde wedstryd vir Jacobs met 3-1 geklop. Dit was ook 'n baie harde wedstryd 9/6, 5/9, 9/2, 9/7.

Indien die Pukke so gaan volhard, staan hulle 'n kans om die liga te wen. Strathvaal is die enigste ware bedreiging vir die Pukke.

# o.20 SUKKEL

DIE onder-twintigspan van die PUK is besig om teleur te stel. Na hulle swak vertoning teen RAU kon hulle hierdie naweek ook net swak vertoon teen Pote se onder-twintigspan.

Die Pukke kan nie tevrede voel oor hul oorwinning oor Pote met 'n telling van 19-18 nie. Vir die Pukke het hul skrumskakel Hennie Visser, 'n blink vertoning gelewer.

Die Pukke se drieë is gedruk deur Stephen Fouche, Piet Smit, Hennie Visser. Jannie Tiedt het twee vervyf en met 'n strafdoel geslaag.

Vir POK het Koos Ehlers, hul haker, twee drieë gedruk. Andrew Strauss het geslaag met twee doelskoppe en twee strafskoppe.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

HOU DIE **Nuwe Besembos** DOP — dit gaan iets groots wees!

WELKOM . . . !
U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
◆ HANDBOEKE
◆ SKRYFBEHOEFTES
◆ EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG
**PRO REGE-PERS BEPERK**
*„die Potchefstroomse boekhandel"*
Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom
—WP


**INSLEEP Restaurant**
PUKKE KOM SLEEP BY ONS IN!
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 6039
—WP